

10 November

Jesaja 46:1-4

Deur God gedra tot in die ouderdom

Die Israeliete was seker beïndruk deur die Babiloniese afgode Bel en Nebo. Hulle kon agterkom dat daar baie toewyding nodig was om hierdie afgodsdiens te laat vlot. Die toewyding was op sigself indrukwekkend. Moeite vir 'n god sê tog iets.

Die Here maak deur die profetewoord sy volk se oë oop. Mense dra hulle afgode, maar God dra sy volk. Sonder mense, wat verblind is, om hulle te dien, beteken afgode niks. God red en dra sy volk. Hy is nie van sy volk afhanklik nie, maar sy volk van Hom. En die Here verseker so oorfloedig dat Hy sy volk dra vandat hulle daar is, en dat Hy hulle sal bly dra tot in hulle grysheid. God bly God of ons nou jonk of oud is. Hy verlos en dra sy volk.

Ons kan so maklik van die kerk of plesier of ons werk 'n afgod maak. Dit is swaar en harde werk om 'n afgod te dien, maar as ons ophou om hom te dien dan stort hy inmekaar.

Maak ons nie soms van die kerk 'n afgod nie? Dink ons nie so maklik dat ons die kerk op ons skouers moet dra nie? Dan vergeet ons mos dat dit God se kerk is. En Hy wil sy kerk dra. Het jy nie miskien al jou gesin vir die afgod geoffer nie?

Jou lewe is ook vandag in God se hand.

Sing Psalm 28:8 (Melodie Psalm 100)Ds. P.A. Odendaal (Evander)